

Hierdie gratis vrae en antwoorde is aan onderwysers beskikbaar wat TUIMELTREIN (René van Zyl) met hul leerders behandel. Die vrae is hoofsaaklik inhoudelik van aard en die doel daarvan is om dit met eie vrae te inkorporeer om 'n goeie balans te verkry by die opstel van toetse en eksamenvraestelle.

A RUIMTE

Gebeure in 'n verhaal vind binne bepaalde ruimtes plaas. Die ruimtes in TUIMELTREIN is voortdurend besig om te verander en vervul 'n baie belangrike funksie in die ontwikkeling van die verhaal.

Kom ons kyk na verskillende ruimtes wat in hierdie verhaal ter sprake is:

1 Abby-hulle se garage

- 1.1 Wat doen die drie leerders een middag na skool in Abby-hulle se garage? (2)
- 1.2 Waarvoor gebruik Abby se ma die garage gedurende naweke? Sê kortliks. (1)
- 1.3 Wat lok die drie leerders buitetoeg, en hoekom? (2)

2 Die boomhuis

- 2.1 Sê kortliks waar die boomhuis geleë is. (1)
- 2.2 Vir wie gaan die drie in die boomhuis wegkruip? (1)
- 2.3 Hoekom? (2)
- 2.4 Wat gebeur skielik met Henri, en watter raad gee Jasper? (2)
- 2.5 Wat tel Henri in die boomhuis op waarmee 'n kind blykbaar gespeel het? (1)
- 2.6 Hoekom verlaat Jasper en Abby 'n ruk later die boomhuis? (1)
- 2.7 Wat stel Jasper voor moet Henri doen as hulle nie terugkom nie? (2)

3 Jasper-hulle se huis

- 3.1 Waar kry Jasper 'n sleutel om by hul voordeur in te kom? (1)
- 3.2 Wat sien Jasper en Abby wanneer hulle by die venster uitkyk, en wat gebeur net hierna? (2)
- 3.3 Jasper en Abby maak twee onsuksesvolle telefoonoprope van Jasper-hulle se huis af. Verduidelik kortliks. (2)
- 3.4 Watter afjak kry Jasper by die persoon wat hy skakel? (1)
- 3.5 Daar is skielik weer 'n harde klop aan Jasper-hulle se voordeur. Wie klop aan die deur? (1)
- 3.6 Jasper en Abby ontsnap deur Jasper-hulle se motorhuis. Hoekom gee Jasper vir Abby 'n leerbaadjie en valhelm voordat hulle die motorhuis verlaat? (1)

4 Die grot

- 4.1 Watter uitsig kry 'n mens as jy buite die grot staan? (1)
- 4.2 Wie woon in die grot? (1)
- 4.3 Hoekom weet hy skynbaar nie presies hoe lank hy al in die grot woon nie? (1)
- 4.4 Die boemelaar beskou homself nie as 'n boemelaar nie. Watter term verkies hy? (1)
- 4.5 Wat bied hy vir die jonges aan om te eet? (1)
- 4.6 Wat moet hulle egter doen om die kos te vervang? (1)

4.7 Koos verlaat later die grot. Waar gaan hy dán woon? (1)

5 Die klubhuis

- 5.1 Hoekom kan die drie jongmense nie direk na die klubhuis toe gaan wanneer hulle daar aankom nie? (1)
- 5.2 Waar word die klubhuis se sleutel weggesteek? (1)
- 5.3 Hoe weet Abby dit? (1)
- 5.4 Wat eet die drie jonges wanneer hulle in die klubhuis kom? (1)
- 5.5 Hoekom kan hulle nie hul ouers van die klubhuis af skakel nie? (1)
- 5.6 Wat laat Abby later daardie aand wakker skrik? (1)
- 5.7 Wat sien sy as sy na die badkamer deur kyk? (1)
- 5.8 Hoe word Abby, Henri en Jona skadeloos gestel? (2)
- 5.9 Wat het die indringer in die klubhuis kom soek? (1)
- 5.10 Watter onreg het daar plaasgevind, volgens hom? (1)
- 5.11 Vertel kortliks wat gebeur wanneer die inbreker op 'n stoel bo-op 'n tafel klim. (3)
- 5.12 In watter toonaard/stemming word die tragiese insident in die klubhuis beskryf? (1)

6 Jonah-hulle se huis

- 6.1 In watter woongebied is Jonah-hulle se huis geleë? (1)
- 6.2 Aanvanklik is Jonah nie gretig dat Jasper-hulle daar moet oornag nie. Wat laat hom egter van plan verander? (2)
- 6.3 Hoekom is Abby en Henri nie baie gretig om die nag in Jonah se kamer deur te bring nie? (1)
- 6.4 Wat is die uiteinde van die vuisslanery in Jonah se kamer? (1)
- 6.5 Die drie sien motorligte buite in die straat en skakel die lig af voordat hulle deur die gordyn buitetoeloe. Wat sien hulle buite in die straat? (1)
- 6.6 Wat van Jonah neem Jasper saam met hom wanneer hulle die huis verlaat, en hoekom? (2)
- 6.7 Wat doen Jasper egter hiermee voordat hulle die gebied verlaat? (1)

7 Die lykswa

- 7.1 Aan wie behoort die lykswa wat buite Jonah-hulle se huis geparkeer is? (1)
- 7.2 Wat het Scooby Jabulani in die aand daar kom doen? (1)
- 7.3 Die drie tieners ontvlug in die lykswa. Wat doen hulle om nie agterin die voertuig raakgesien te word nie? (1)
- 7.4 Watter benoude oomblik beleef die drie tieners terwyl hulle agterin die lykswa ry? (2)
- 7.5 Hoe reageer Scooby wanneer die drie uit die lykswa klim? (2)
- 7.6 Wat belowe hy egter om nie te doen nie? (1)
- 7.7 Hoekom sal hy dit nie doen nie? (1)
- 7.8 Waar sien Abby weer die lykswa nadat hulle met Daisy gevlug het? (1)

8 Die lykshuis

- 8.1 Die lykshuis is goed toegerus vir Abby, Jasper en Henri om die nag daar te slaap. Wat kan hulle doen as hulle dors is? (1)
- 8.2 Waarin slaap hulle dié nag, en wat maak dit 'n baie geskikte slaapplek? (2)
- 8.3 Wie het al voorheen ook daarin geslaap? (1)
- 8.4 Hoekom, dink jy, maak Scooby die ander drie die volgende oggend om sesuur reeds wakker? (1)
- 8.5 Daar is 'n kas vol klere en 'n laai vol grimering in die lykshuis. Waarvoor word dit gebruik? Sê kortliks. (2)
- 8.6 Wat doen Henri daarmee om in Henri-Etta te transformeer? (2)
- 8.7 Waarvoor neem Scooby-hulle gewoonlik 'n Taser saam begrafnis toe? (1)

9 Ouma Linah se huis

- 9.1 Waar is ouma Linah se huis geleë? (1)
- 9.2 Hoekom is Scooby verbaas om sy ouma by haar huis aan te tref? (1)
- 9.3 Hoekom het ouma Linah besluit om tuis te bly? (1)
- 9.4 Jasper vra om ouma Linah se toilet te gebruik. Waarna ruik haar kamer as hy daar kom? (1)
- 9.5 Wat sien Jasper op Ouma Linah se spieëlkassie, behalwe die buisies self en rome? (1)
- 9.6 Wat lei hy hieruit van ouma Linah se lewe as jongmens af? (1)
- 9.7 Hoekom maak dit Jasper hartseer as hy die voorwerpe op die spieëlkassie sien? Sê kortliks. (2)
- 9.8 Wat doen Kollenel wanneer Jasper uit die badkamer kom? (1)
- 9.9 Waarvan is dit 'n teken, volgens ouma Linah? (1)
- 9.10 Wat doen Henri met Scooby-hulle se selfoon net voordat hulle vertrek? (1)

10 Die begraafplaas

- 10.1 Beskryf die toestand van Hartbeespoort se begraafplaas kortliks. (1)
- 10.2 Wat is skynbaar die rede vir die agteruitgang? (1)
- 10.3 Van watter potensiele gevaar by die begraafplaas het ons geles? (1)
- 10.4 Hoekom woon Abby, Jasper en Henri Carolus van Niekerk se begrafnis by? Sê kortliks. (2)
- 10.5 Hoekom woon ouma Linah die begrafnis by, al het sy nie die oorledene geken nie? (1)
- 10.6 Waarvoor word daar 'n gazebo opgeslaan? (1)
- 10.7 Wie beveel die drie jonges op 'n stadion om die begraafplaas dadelik te verlaat? (1).
- 10.8 Waarin verlaat hulle die begraafplaas, en wie is agter die stuur? (2)
- 10.9 In watter toonaard/stemming word Carolus van Niekerk se begrafnis beskryf? Sê kortliks. (1)
- 10.10 Noem twee amusante insidente wat tydens die begrafnis plaasvind. (2)

11 Die vlugtog in Daisy

- 11.1 Wie bestuur die wegkom-motor? (1)
- 11.2 Wat gebeur met Henri, wat in die boomhuis ook gebeur het? (1)

- 11.3 Hoekom stop die motor skielik "met 'n stink spoed"? (1)
- 11.4 Hoe reageer Abby wanneer sy dit sien? (1)
- 11.5 Oomblikke later bars al drie uit van die lag. Waartoor lag hulle? (1)
- 11.6 "Die komiese oomblik hou egter nie lank nie." Hoekom nie? (1)
- 11.7 Waarvan, dink jy, is Jakkals se oë bloedbelope en tranerig? (1)
- 11.8 "Ek try net om dié dinky toy op die pad te hou". Hoekom, dink jy, noem Jasper die motor 'n dinky toy? (1)
- 11.9 Wat verhinder Jasper om vinniger te kan ry? (1)
- 11.10 Waarheen lei die grondpad waarin Jasper afdraai? (1)
- 11.11 Wat doen die drie tieners met die selfoon wanneer hulle besef dat hul lewens in gevaar is? (1)
- 11.12 Wat gebeur wanneer Jakkals die motortjie 'n derde keer stamp? (2)

12 Danny's Scrapyard & Easy Shred

- 12.1 Hoekom is daar niemand by die skrootwerf wanneer die dramatiese gebeure plaasvind nie? (1)
- 12.2 Hoe arriveer Jakkals by die skrootwerf? (1)
- 12.3 Hoe arriveer Abby daar? (1)
- 12.4 Daar is skakelaars aan die kant van die metaalpers.
 - 12.4.1 Wie druk die groen knop, en wat gebeur dan? (2)
 - 12.4.2 Wie druk die rooi knop, en wat gebeur dan? (2)
- 12.5 Waarmee val Abby Jakkals aan as sy besef wat gebeur, en watter effek het haar aanval? (2)
- 12.6 Wat doen Jakkals om homself te verdedig? (1)
- 12.7 Wat doen Jakkals net voordat Abby by die skakelaars kan uitkom? (1)
- 12.8 Wat gebeur dat Jakkals met sy lomp liggaam half bo-op Abby beland? (1)
- 12.9 Wie storm nader om Abby te gryp wanneer sy bewusteloos op die grond neersak? (1)
- 12.10 Waar is Henri en Jasper se ma's tydens die dramatiese gebeure? (1)
- 12.11 Abby se ma is ook by die skrootwerf wanneer die gebeure plaasvind. Waar het Abby haar ma vroeër daardie dag gesien? (1)
- 12.12 Wie dink jy is die werklike held tydens hierdie dramatiese gebeure, Abby of Henri se pa? Gee kortliks 'n rede vir jou antwoord. (1)

13 Die metaalpers

- 13.1 Wat is die funksie van 'n metaalpers by 'n skrootwerf? (1)
- 13.2 Wie plaas die motorwrak met 'n vorkyster in die metaalpers? (1)
- 13.3 Wie is in die motor vasgekeer wanneer dit in die metaalpers gelaai word? (2)
- 13.4 Hoe reageer hulle wanneer hulle besef wat besig is om te gebeur? (2)
- 13.5 Hoe slaag Abby daarin om hul lewens te red voordat hulle vergruis word? (1)
- 13.6 Wie bevry die twee slagoffers uit die metaalpers se kake? (1)

14 Die hospitaal

- 14.1 In watter hospitaal word Abby wakker? (1)
- 14.2 Wie is ook in dieselfde hospitaal opgeneem? (2)
- 14.3 Hoekom is Abby ernstiger beseer as die ander? (1)

- 14.4 Watter hoop vlam by Abby op as sy haar ouers saam by haar bed sien? (1)
- 14.5 Wat sê haar pa egter hieroor? (2)
- 14.6 Wat was Henri se grootste bekommernis toe hy in die ongeluk beseer is? (1)
- 14.7 Wanneer het Henri dieselfde kommer uitgespreek? Sê kortliks. (1)
- 14.8 Hoekom is Henri in 'n rolstoel wanneer hy Abby besoek? (1)
- 14.9 Hoekom moet Abby baie vinnig herstel, volgens Henri? (1)

15 Die markiestent

- 15.1 Waar word die markiestent opgeslaan? (1)
- 15.2 Wie help die drie tieners om die markiestent op te slaan, en waarmee help hulle ook nog? (3)
- 15.3 Wat doen Jasper en Abby by die markiestent se ingang? (1)
- 15.4 Wat doen Henri en Scooby daar? (1)
- 15.5 Wat is die naam van die film wat Henri en Scooby gemaak het, en op watter bekende Hollywood-film se titel is dit gebaseer? (2)
- 15.6 Hoe reageer Abby op die filmtonele van die vlugtog? (1)
- 15.7 Wat is die gehoor se reaksie op die film? (1)
- 15.8 Wat bied Henri na die vertoning aan om vir sy ondersteuners te doen? (1)
- 15.9 Wat doen Jasper aan die einde voor al die mense in die tent? (1)

B VERVOER

Voertuie speel 'n belangrike rol in die ontwikkeling van gebeure in TUIMELTREIN. Kom ons kyk na drie daarvan.

1 Die motorfiets (Magaliesberg Eco Village → grot → klubhuis → Ifafi)

- 1.1 Aan wie behoort die motorfiets waarvan ons in die verhaal lees? (1)
- 1.2 Waarvoor gebruik hulle hierdie motorfiets hoofsaaklik? (1)
- 1.3 'n Motorfiets vervoer gewoonlik een of twee persone. Hoekom kan hierdie motorfiets drie mense vervoer? (1)
- 1.4 Hoekom sal Jasper en Abby waarskynlik nie geïdentifiseer kan word as hulle die sekuriteitskompleks verlaat nie? (1)
- 1.5 Wie sit tydens die jonges se ontvlugting in die derde sitplek? (1)
- 1.6 Waar is die jonges se eerste bestemming met die motorfiets? (1)
- 1.7 Waar steek Jasper die motorfiets weg sodat 'n polisiehelikopter dit nie uit die lug kan sien nie? (1)
- 1.8 Met watter ander soort rit word die skrikwekkende motorfietsrit van die grot af na die klubhuis vergelyk? (1)
- 1.9 Watter verkeersreël oortree Henri wat veroorsaak dat 'n polisiemotor hulle later agtervolg? (1)
- 1.10 Waar stel Jonah voor moet Jasper die motorfiets versteek wanneer hulle by Jonah se huis aankom? (1)

2 Die lykswa (Ifafi → Sunway → Hartbeespoort-begraafplaas)

- 2.1 Aan watter maatskappy behoort die lykswa? (1)
- 2.2 Wat is die maatskappy se slagspreuk? (1)
- 2.3 Waarvoor word 'n lykswa gewoonlik gebruik? (1)
- 2.4 Wat het die lykswa daardie aand in Ifafi gaan doen? (1)
- 2.5 Hoekom word die lykswa by 'n padblokkade voorgekeer? (1)
- 2.6 Wat doen die drie tieners agterin die lykswa om nie raakgesien te word nie? (1)
- 2.7 Wat in die lykswa laat Abby nies? (1)
- 2.8 Waar word die lykswa snags geparkeer? (1)
- 2.9 Wie bestuur die lykswa wanneer die drie tieners daarin ontsnap? (1)
- 2.10 Wie bestuur die lykswa die volgende dag na Carolus van Niekerk se begrafnis toe? (1)

3 Daisy (Sunway → Hartbeespoort-begraafplaas → Danny's Scrapyard)

- 3.1 Wat is Daisy? Sê kortliks, maar volledig. (1)
- 3.2 Waarvoor gebruik Scooby Daisy soms? (1)
- 3.3 Wie is almal insittendes van Daisy wanneer hulle begraafplaas toe ry? (3)
- 3.4 Hoe is dit moontlik dat Jasper-hulle so vinnig met Daisy kan wegkom van die begraafplaas af? (1)
- 3.5 Wat gebeur met Daisy nadat Jakkals herhaaldelik daarteen gebots het? (1)
- 3.6 Waar beland Daisy uiteindelik? (1)
- 3.7 Waarmee word Daisy vervang, en wie vervang haar? (2)

C KLERE

Henri is baie lief vir mooi aantrek en hy is uiters gesteld op sy voorkoms. Die klere wat hy in TUIMELTREIN aantrek, dra daartoe by om hom te karakteriseer en is kenmerkend van sy persoonlikheid en hoe die leser hom as mens leer ken en ervaar.

- 1 Wat dra Henri wanneer hulle Magaliesberg Eco Village verlaat? (1)
- 2 Wat dra hy wanneer hulle op pad na Jonah-hulle se huis is? (3)
- 3 Waar kry hy die klere wat hy op daardie stadium dra? (1)
- 4 Hoe het hy daarvoor betaal? (1)
- 5 Wat het Henri gedra by die eerste modeparade waaraan hy deelgeneem het? (1)
- 6 Hoe oud was Henri op daardie stadium? (1)
- 7 Hoe het Henri saam met klein meisietjies op die loopplank beland? (1)
- 8 Wat dra Henri na Carolus van Niekerk se begrafnis toe? (3)
- 9 Waar kry Henri die klere wat hy begrafnis toe dra? (2)
- 10 Wat dra Henri na die skool se lentefees toe? (1)
- 11 "... dit ruik na materiaal en die paradys ... asof die hemel 'n uitverkoop het." Waar was Henri toe hy so ekstasies gevoel het, en hoe oud was hy toe? Sê kortliks. (2)

- 12 "Henri krap ywerig deur die bondel, pluk een of twee bont lappe uit. "Ek love dit."
Waar is Henri wanneer hy so ywerig deur die bondel bont lappe krap? (1)
- 13 "I have died and gone to heaven," sê Henri wat dadelik daarin vroetel.
Waar in vroetel Henri wat hom laat voel asof hy in die hemel is? (1)
- 14 Pers is blykbaar een van Henri se gunsteling-kleure. Stem jy saam met hierdie stelling? Gee redes vir jou antwoord. (3)

D WAPENS

Geweld kom dikwels in TUIMELTREIN voor. Adrianus Vos word uitgebeeld as 'n skietlustige (*trigger happy*) en gewelddadige persoon wat nie sal huiwer om 'n vuurwapen te gebruik om ander mense leed aan te doen nie.

- 1 Noem vier voorbeelde waar Jakkals 'n vuurwapen gebruik. (4)
- 2 Jakkals is ook bereid om op ander maniere van mense ontslae te raak. Wat het hy blykbaar gereeld gedoen terwyl hy 'n lid van die koevoet-eenheid in die weermag was? (1)
- 3 Op watter manier probeer Jakkals van Jasper en Henri ontslae raak? (1)
- 4 Wat doen hy by die metaalpers se skakelaars om van Abby ontslae te raak? (1)
- 5 Dis nie net Jakkals wat 'n vuurwapen gebruik nie. Hoe gebruik die inbreker by die klubhuis die pistool wat hy by hom het? (1)
- 6 Wanneer gebruik Henri se pa sý vuurwapen? (1)
- 7 Watter wapen neem Scooby-hulle saam wanneer hulle na begraafplase toe gaan? (1)
- 8 Watter wapen gebruik Henri-Etta om Jakkals tydelik te verblind? (1)
- 9 Watter aanvalswapen gebruik ouma Linah om Henri-Etta van Jakkals te verlos? (1)
- 10 Waarmee val Abby Jakkals in die skrootwerf aan om Jasper en Henri se lewens te probeer red? (1)

MEMORANDUM

A	RUIMTE	
1	Abby-hulle se garage	
1.1	Hulle kom saam om hul Halloween-stalletjie vir die skool se lentefees te beplan. ✓ Daar is genoeg spasie in die garage om hul stalletjie se naambord daar te maak. ✓	2
1.2	Sy gebruik die netjiese, ruim motorhuis gedurende naweke om ander mense se honde te was en hul hare te sny. ✓ Abby help haar ma daarmee.	1
1.3	Dis 'n baie warm dag ✓ en die deuntjie van die roomyskarretjie buite Abby-hulle se huis lok hulle buitetoë om te gaan roomys koop. ✓	2
2	Die boomhuis	
2.1	In die agtertuin van 'n leë huis verder af in die straat. ✓	1
2.2	Vir Jakkals/vir meneer Vos ✓	1
2.3	Die drie het so pas gesien hoe Jakkals vir Izzie, die roomysman doodskiet. ✓ Toe hy hulle sien, het hy skote na hulle geskiet, maar hulle gelukkig gemis. ✓	2
2.4	Hy kry 'n angsaanval. ✓ Jasper stel voor dat Henri diep deur sy neus moet asemhaal en deur sy mond moet uitasem. ✓	2
2.5	'n T-Rex-poppie ✓	1
2.6	Jasper se huis is naby die boomhuis; hy wil daarheen gaan om sy ouers van hul landlyn-telefoon af te skakel. ✓	1
2.7	Henri moet homself vermom, 'n nuwe identiteit kry ✓ en oor die grens vlug voordat die polisie hom kan vang. ✓	2
3	Jasper-hulle se huis	
3.1	Sy ouers steek altyd 'n spaarsleutel onder die tuinkabouters weg. ✓	1
3.2	Hulle sien hoe twee polisiemanne na Jasper-hulle se huis aankom; ✓ hulle wonder waar die kinders kan wees. Dan hamer hulle hard teen die deur. ✓	2
3.3	Jasper praat met Monica, sy ouers se sekretaresse. Sy is nie bereid om te help nie. ✓ Terwyl Abby met haar ma oor die foon praat, word daar hard aan die voordeur gehamer, en Abby laat die foon verskrik val. ✓	2
3.4	Monica het min simpatie met Jasper se situasie en sê hy moet sy eie moeilikheid by die skool uitsorteer. ✓	1
3.5	Dis weer die twee polisiemanne wat van huis na huis gaan om die drie tieners te soek. ✓	1
3.6	Hulle gaan met Jasper se ouers se motorfiets ontvlug. ✓	1
4	Die grot	
4.1	'n Pragtige uitsig oor die Hartbeespoortdam ✓	1
4.2	'n boemelaar met die naam Koos ✓	1

4.3	Hy het skynbaar geheueverlies. ✓	1
4.4	'Ridder van die grootpad' ✓	1
4.5	Gebraaide haasvleis ✓	1
4.6	Hulle moet uitgaan en veldkos versamel. ✓	1
4.7	In 'n Wendy-huis in sy gewese vrou se agterplaas ✓	1
5	Die klubhuis	
5.1	Daar is 'n funksie by die klubhuis en hulle moet eers wag totdat al die mense weg is. ✓	1
5.2	Onder 'n klip in 'n potplant ✓	1
5.3	Sy het eenkeer by die klubhuis gehelp voorberei vir 'n funksie en toe gesien waar hulle die sleutel bêre. ✓	1
5.4	Hulle eet verversings wat van die funksie oorgebly het. ✓	1
5.5	Die telefoon is buite werking. ✓	1
5.6	Sy word wakker wanneer sy 'n venster in die badkamer hoor breek. ✓	1
5.7	Sy sien 'n groot figuur in die badkamerdeur staan. ✓	1
5.8	Die inbreker maak hulle met 'n sterk kabeltou aan 'n paal vas ✓ terwyl hy hulle met 'n pistool dreig. ✓	2
5.9	Hy is daar om 'n goue trofee teen een van die mure te steel. ✓	1
5.10	Volgens die inbreker het sý klub die trofee gewen en nie Hartbeespoort se atletiekklub nie. ✓	1
5.11	Die inbreker klim bo-op 'n stoel op 'n tafel, maar hy verloor sy balans en tuimel grond toe. ✓ In die proses gryp hy na 'n jagtrofee, wat ook grondwaarts tuimel. ✓ Een van die gemsbokhorings van die trofee deurboor die inbreker se nek en hy sterf. ✓	3
5.12	Die tragiese gebeure word in 'n komiese toon beskryf en wek nie veel simpatie by die leser nie. ✓	1
6	Jonah-hulle se huis	
6.1	Ifafi ✓	1
6.2	Hy hoor dat Adrianus Vos 'n beloning van R5 000 elk aanbied vir inligting oor die drie voortvlugtelinge. ✓ Hy is bereid om sy vriend Jasper te verrai sodat hy geld vir dagga in die hande kan kry. ✓	2
6.3	Jonah se kamer is baie vuil en deurmekaar. ✓	1
6.4	Jasper slaan Jonah met 'n vuishou teen die kakebeen en Jonah val bewusteloos op sy bed neer. ✓	1
6.5	Hulle sien 'n lykswa aan die oorkant van die straat staan. ✓	1
6.6	Jonah se selfoon. ✓ Jasper wil vir sy ouers die stemboodskap stuur wat hy in Jonah se kamer opgeneem het. ✓	2
6.7	Hy gooi dit by die lykswa se kantvenster uit, ✓ en hoop dit beland in Jonah-hulle se tuin.	1

7	Die lykswa	
7.1	Aan Azrael Funeral Services ✓	1
7.2	Hy het 'n kisruiker kom oplaai by die mense wat oorkant Jonah-hulle woon. ✓	1
7.3	Hulle skuil onder 'n stuk swart materiaal wat hulle agterin die lykswa vind. ✓	1
7.4	Die lykswa word tydens 'n padblokkade voorgekeer ✓ en die polisie skyn 'n flits agterin die lykswa waar die drie tieners skuil. ✓	2
7.5	Scooby staan aanvanklik versteen en kyk dan verskrik van die een na die ander. ✓ Hy maak sy mond oop, maar daar kom nie 'n geluid uit nie. ✓	2
7.6	Hy belowe om nie die polisie te kontak nie. ✓	1
7.7	Hy is bang die polisie ontdek dat hulle besigheid nie heeltemal wettig bedryf word nie. ✓	1
7.8	By die skrootwerf waar die dramatiese gebeure met Jakkals plaasvind. ✓	1
8	Die lykshuis	
8.1	Daar is koeldrank in die yskassie as hulle dors is. ✓	1
8.2	Hulle slaap in doodskiste. ✓ Dis gerieflik, want dit is opgestop en snoesig. ✓	2
8.3	Scooby-hulle se familie ✓	1
8.4	Hy wil waarskynlik nie hê dat sy pa hulle daar moet vind wanneer hy later lykshuis toe kom nie. ✓	1
8.5	Hulle gebruik soms van die klere om dit vir die dooies aan te trek. ✓ Die grimering word gebruik om die dooie gesigte beter te laat lyk. ✓	2
8.6	Hy grimeer sy gesig baie keurig daarmee, ✓ daarna trek hy van die klere, skoene en sykouse aan om soos 'n pragtige jong vrou te lyk. ✓	2
8.7	Soms is daar misdadigers by begrafnisse wat roubeklaers wil besteel of by motors inbreek. Hulle gebruik die Taser om hul kliënte beskerm.	1
9	Ouma Linah se huis	
9.1	Dit is direk langs Scooby-hulle se huis en begrafnisonderneming. ✓	1
9.2	Sy sou die naweek 'n troue in Limpopo bywoon. ✓	1
9.3	Tannie Letta wou nie hê dat Kollenel saamkom nie en ouma Linah was toe nie lus om te gaan nie. ✓	1
9.4	Dit ruik na motbolletjies en soet parfuim. ✓	1
9.5	Klein portretjies van die ouma en haar familie ✓	1
9.6	Dit lyk of ouma Linah arm grootgeword het, maar daar is altyd baie gelag.	1

9.7	<i>Hy het nooit sy grootouers geken nie. ✓ Sy ma se ouers is oorlede en sy pa wil niks met sy ouers te doen hê nie. ✓</i>	2
9.8	<i>Hy grom vir Jasper en gryp hom dan aan sy broekspyp beet. ✓</i>	1
9.9	<i>Dit beteken dat Kollenel van Jasper hou. ✓</i>	1
9.10	<i>Hy neem 'n selfie van hulle almal in hul begrafnisklere. ✓</i>	1
10	Die begraafplaas	
10.1	<i>Die begraafplaas is verwaarloos en oorgroei. ✓</i>	1
10.2	<i>Diefstal en korrupsie van amptenare het veroorsaak dat feitlik alle munisipale eiendomme agteruitgegaan het. ✓</i>	1
10.3	<i>Die gevaar van misdadigers wat begrafnisklere probeer besteel of by motors inbreek. ✓</i>	1
10.4	<i>Jakkals is een van die draers by die begrafnis. ✓ Henri wil hom konfronteer oor Izzie se dood en die feit dat hy hulle van die moord beskuldig. ✓</i>	2
10.5	<i>Sy woon graag begrafnisse by vir die lekker eetgoed. ✓</i>	1
10.6	<i>Scooby se ma verskaf drinkgoed en verversings onder die gazebo vir mense wat die begrafnis bywoon. ✓</i>	1
10.7	<i>Scooby ✓</i>	1
10.8	<i>Hulle vlug in ouma Linah se motortjie. ✓ Jasper bestuur die Fiatjie. ✓</i>	2
10.9	<i>Alhoewel 'n begrafnis 'n hartseer gebeurtenis is, word hierdie begrafnis op 'n lighartige wyse beskryf. ✓</i>	1
10.10	<i>Ouma Linah se hondjie, Kollenel, beland in die oop graf wanneer hy uit Henri-Etta se arms spring. ✓ Jakkals beland in die oop graf wanneer hy gewelddadig met Henri-Etta probeer raak. ✓</i>	2
11	Die vlugtog in Daisy	
11.1	<i>Jasper ✓</i>	1
11.2	<i>Hy kry 'n angsaanval. ✓</i>	1
11.3	<i>Henri word naer en begin opgooi. ✓</i>	1
11.4	<i>Sy begin ook opgooi. ✓</i>	1
11.5	<i>Hulle lag oor al die snaakse dinge wat tydens die begrafnis gebeur het. ✓</i>	1
11.6	<i>Henri sien hoe Jakkals met sy wit Mercedes langs hulle stilhou. ✓</i>	1
11.7	<i>Henri het pepersproei in sy oë gespuut tydens die begrafnis. ✓</i>	1
11.8	<i>Dis klein, soos 'n speelgoedmotortjie, in vergelyking met Jakkals se groot Mercedes. ✓</i>	1
11.9	<i>Daar is baie fietsryers op die pad, wat dit gevaarlik maak om vinnig te ry. ✓</i>	1
11.10	<i>Vermoedelik na die vullisgate toe ✓</i>	1
11.11	<i>Hulle neem boodskappe aan hul ouers op waarin hulle afskeid van hulle neem. ✓</i>	1

11.12	Die motortjie verlaat die pad, ✓rol en kom op sy dak te lande. ✓	2
12	Danny's Scrapyard & Easy Shred	
12.1	Dis 'n Saterdagmiddag en die plek is toe. ✓	1
12.2	In 'n vorkhyser met die wrak van Daisy daarin. ✓	1
12.3	Sy arriveer te voet nadat sy met haar beseerde been soontoe gehardloop het. ✓	1
12.4.1	Jakkals. ✓Dit aktiveer die metaalpers om Daisy te verfrommel.✓	2
12.4.2	Abby. ✓Dit laat die metaalpers tot stilstand kom. ✓	2
12.5	Met 'n ysterpyp. ✓Dit laat Jakkals effens agteroor steier, maar dit lyk asof hy nie eens die houe voel nie. ✓	2
12.6	Hy gryp die ysterpyp uit Abby se hande en slaan haar herhaaldelik daarmee. ✓	1
12.7	Hy pluk haar aan haar enkel weg van die skakelaar af. ✓	1
12.8	Henri se pa skiet Jakkals in sy skouer. ✓	1
12.9	Abby se pa ✓	1
12.10	Hulle staan by die wrak en huil. ✓	1
12.11	By Carolus van Niekerk se begrafnis ✓	1
12.12	Leerders se eie keuse, byvoorbeeld Abby: Al was sy ernstig beseer en in vreeslike pyn, het sy die rooi knop betyds gedruk om die masjien tot stilstand te bring. ✓ Henri se pa: As hy nie vir Jakkals in die skouer geskiet het nie, sou Abby nie die masjien betyds kon afskakel nie. ✓	1
13	Die metaalpers	
13.1	Dit pers motorwrakke saam tot klein kompakte eenhede. ✓	1
13.2	Jakkals ✓	1
13.3	Jasper ✓en Henri ✓	2
13.4	Dit lyk of Henri desperaat met sy hand waai, terwyl Jasper ruk en pluk aan die verfrommelde deur. ✓Hulle begin histeries gil wanneer hulle besef wat besig is om te gebeur. ✓	2
13.4	Sy druk die rooi knop net betyds om te voorkom dat die metaalpers die motor met die twee seuns vergruis. ✓	1
13.6	Jasper se pa ✓	1
14	Die hospitaal	
14.1	In die Mediclinic ✓	1
14.2	Jasper ✓en Henri ✓	2
14.3	Jakkals het haar in die heup geskiet. Die ander is beseer toe die motortjie gerol het. ✓	1
14.4	Sy hoop dat haar ouers gaan versoen. ✓	1
14.5	Volgens Abby se pa het hulle albei aanbeweeg en sal hulle nie weer versoen nie. ✓Hy wil egter weer nader trek omdat hy sy dogters baie mis. ✓	2

14.6	Hy was bang dat hy beserings aan sy gesig opgedoen het. ✓	1
14.7	Toe hulle in die boomhuis was, was Henri bang dat die polisiehonde hulle gaan uitsnuffel en hom aan sy gesig byt. ✓	1
14.8	Tydens die ongeluk het Henri sy been gebreek. ✓	1
14.9	Dis daardie Saterdag die skool se lentefees en Abby moet sorg dat sy gesond is om dit by te woon. ✓	1
15	Die markiestent	
15.1	Op die skool se atletiekveld ✓	1
15.2	Die drie tieners se ouers help hulle ✓ om 'n videoskerm op te sit ✓ en stoele in te dra. ✓	3
15.3	Hulle verkoop fliekkaartjies. ✓	1
15.4	Hulle verkoop draairoomyse met aarbeisous. ✓	1
15.5	Die titel is 'Once Upon a Time in the North West', ✓ gebaseer op die titel van die 1968 Hollywood-film 'Once Upon a Time in the West' ✓	2
15.6	Dit ontstel haar en sy raak paniekerig wanneer sy die gebeure herleef. ✓	1
15.7	Die gehoor se reaksie is baie positief en 'n harde applous bars los as dit verby is. ✓	1
15.8	Hy sal handtekeninge uitdeel - ✓ "Net waar jy dit wil hê."	1
15.9	Hy druk Abby styf teen hom vas en soen haar voor al die toeskouers. ✓	1
B	VERVOER	
1	Die motorfiets	
1.1	Aan Jasper se ouers ✓	1
1.2	Hulle gebruik dit vir ontspanning om Sondae saam met ander motorfietsentoesiaste te gaan rondry. ✓	1
1.3	Dit het 'n syspan waarin 'n ekstra passasier kan sit. ✓	1
1.4	Hulle dra getinte valhelms wanneer hulle by die hek uitry. ✓	1
1.5	Henri ✓	1
1.6	Die grot wat oor die Hartbeespoortdam uitkyk ✓	1
1.7	Binne-in die grot ✓	1
1.8	Dit word met 'n tuimeltreinrit vergelyk. ✓	1
1.9	Henri dra nie 'n valhelm nie. ✓	1
1.10	Agter Jonah-hulle se motorhuis ✓	1
2	Die lykswa	
2.1	Azrael Funeral Services ✓	1
2.2	We put the fun back in funeral ✓	1
2.3	Om liggame in kiste te vervoer ✓	1
2.4	Scooby Jabulani het 'n kisruiker by die mense oorkant Jonah-hulle gaan oplaai. ✓	1

2.5	Die polisie keer motors voordat omdat hulle soek na die drie voortvluggende tieners. ✓	1
2.6	Hulle bedek hulself met 'n stuk swart lap wat agterin die lykswa is. ✓	1
2.7	Die vars blomme van die kisruiker ✓	1
2.8	In 'n groot motorhuis op die perseel van Azrael Funeral Services ✓	1
2.9	Scooby Jabulani ✓	1
2.10	Scooby se pa, die eienaar van Azrael Funeral Services ✓	1
3	Daisy	
3.1	'n Blou Fiatmotortjie wat aan Scooby se ouma Linah behoort ✓	1
3.2	Hy leen/huur soms die motortjie om mense na begrafnisse toe te vervoer. ✓	1
3.3	Scooby, ouma Linah, haar hond Kollenel, Abby, Henri en Jasper ✓✓✓	3
3.4	Scooby los die sleutel in die motor wanneer hulle by die begraafplaas kom. ✓	1
3.5	Die slag ruk Daisy van balans af, die motortjie rol en kom op sy dak te lande. ✓	1
3.6	In die kake van 'n meganiese pers by Danny's Scrapyard & Easy Shred ✓	1
3.7	Ouma Linah kry 'n nuwe blou Fiat ✓ by Jasper se ouers. ✓ Sy noem dit Thunder Sister.	1
C	KLERE	
1	sy skoolklere ✓	1
2	'n pers-en-geel kaftanrok, ✓ 'n kanariegeel katoenserp om sy kop ✓ en 'n paar wit tekkies ✓	3
3	Hy kry dit by Koos in die grot. ✓	1
4	Hy gee sy skoolklere in ruil daarvoor en belowe dat hy later die R100 sal kom betaal. ✓	1
5	'n pienk strooimeisierokkie en pikante pienk skoentjies ✓	1
6	Hy was ses jaar oud. ✓	1
7	Een van die meisietjies wat 'n strooimeisierok moes dra, was daardie dag siek en Henri het vir haar ingestaan. ✓	1
8	Hy dra 'n swart kantrok, ✓ swart sykouse ✓ en 'n paar hoëhak-skoene. ✓	3
9	By Scooby. ✓ Hulle hou 'n voorraad tweedehandse klere aan vir arm mense wat hul dooies mooi wil aantrek, maar dit nie kan bekostig nie. ✓	2
10	'n blink, pers pak klere ✓	1
11	Agter die skerms tydens sy niggie se modeparade. ✓ Hy was ses jaar oud. ✓	2
12	In die grot bo die Hartbeespoortdam waar Koos bly. ✓	1

13	<i>In die laai vol grimering wat Scooby-hulle in die lykshuis hou. ✓</i>	1
14	<i>Ja. Henri het 'n pers selfoon. ✓ Hy kies 'n pers-en-geel kaftanrok uit die klere in die grot. ✓ Hy dra 'n blink, pers pak klere na die lentefees toe. ✓</i>	3
D	WAPENS	
1	<i>Hy skiet Izzie tydens 'n argument in die sekuriteitsoord koelbloedig dood. ✓ Hy vuur skote op die tieners as hy besef dat hulle ooggetuies van die moord was. ✓ Hy skiet 'n skoot wanneer hy die drie tieners in die motor agtervolg; die skoot tref die bakwerk van die motor. ✓ Hy skiet skote na Abby wanneer sy weghardloop en tref haar in die heup. ✓</i>	4
2	<i>Hy het mense gemartel en wreedaardig doodgemaak. ✓</i>	1
3	<i>Hy probeer hulle saam met die motorwrak in die skrootwerf vergruis. ✓</i>	1
4	<i>Hy slaan Abby herhaaldelik met 'n ysterpyp. ✓</i>	1
5	<i>Hy slaan Jasper daarmee oor sy kop. ✓</i>	1
6	<i>Wanneer hy Jakkals in sy skouer skiet by die skrootwerf ✓</i>	1
7	<i>'n Taser ✓</i>	1
8	<i>Pepersproei ✓</i>	1
9	<i>Haar groot handsak ✓</i>	1
10	<i>Met 'n ysterpyp ✓</i>	1